

4 Julie

Genesis 39:1-20, (Teks: 39:6-9)

Bly getrou aan God in tye van versoekings

Josef is in Egipte aan 'n man met die naam Potifar verkoop. In Potifar se huis is hy aangestel as bestuurder. Daar het hy onder 'n baie sterk versoeking gekom.

Daar is baie redes waarom Josef kon toegee aan die versoeking. Niemand sou waarskynlik uitvind daarvan nie. Dit sou dalk lei tot Josef se bevordering. Hy sou 'n belangrike posisie kon beklee in die land. Hy kon ook sê dat die versoeking so groot was dat hy nie kon help nie; hy moes toegee.

Al hierdie verskonings klink bekend, nie waar nie? Daar is baie redes waaraan 'n mens kan dink om toe te gee aan versoekings wat op jou pad kom. Dit kan vir jou groot voordele inhou. Dit kan vir jou bevordering beteken as jy saam met die res sonde doen. Jy kan baie ryk word deur bedrog.

Josef het nie toegegee nie. Daar was op die ou end net een rede wat hom gekeer het om sonde te doen. Dit was dat hy ontrou aan God sou word. God wat hom gered het uit die put, was nog steeds by hom. God weet en sien wat Josef doen. Daarom staan hy vas. Hy weet God is daar.

Daar is net een rede waarom ons versoekings sal weerstaan. Dit is dat ons getrou aan God wil bly. Omdat ons God liefhet. Omdat ons weet God sien ons. Kom ons staan vandag vas as die versoekings van geldgierigheid, seksuele losbandigheid, oormatige drinkery, vloektaal, bedrog of ontrouheid na ons kant toe kom.

Sing: Psalm 25:2

Ds. J.D. van't Zand (Randburg-Oos)